

Christen Gemeenskaps Bediening NPC
Joh 17v21

# NUUSBRIEF

## JANUARIE - MAART 2025

NEIL OLWAGEN - 082 960 5687

*'n Baie geseënde 2026 vir almal - Mag die oorvloed van Jesus se liefde julle volg die hele jaar!*

## DIE NAGMAAL AS VERWAGTING

God se grootste uitdrukking van Sy liefde vir ons

Ons geniet aan die Nagmaalstafel 'n voorsmaak van die oorvloedige vreugde wat Christus toegesê het. Ons sien met groot verlange uit na die **bruilofsmaaltyd van die Lam**, wanneer Hy die wyn met ons nuut sal drink in die koninkryk van sy Vader. Daarom mag ons bly wees en ons vreugde uitleef en Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam is aan die kom.

Hier word a paar belangrike Bybelse aspekte saamgevat. Eerstens was dit die Here self wat by die instelling van die Nagmaal by die Paasmaaltyd gesê het:

***"Van nou af sal ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink". (Matteus 26:29)***.

Wanneer Paulus die Korintiërs onderrig oor die betekenis van die Nagmaal, sê hy: *"Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here tot dat Hy kom. 1 Korintiërs 11:26*

En oor die 'bruilof van die Lam' skryf Johannes in Openbaring 19:6-10, waarin ons die woorde hoor***: Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak.***

Ek herinner ook aan die kere dat die Here Jesus in sy onderrig die verwagte groot toekoms vergelyk met 'n koninklike bruilofsmaal, of woorde van 'n soortgelyke strekking.

Die volmaakte het nog nie gekom nie. Ons mag egter nou reeds die taal van die bruilof gebruik (vlees van sy vlees, been van sy gebeente), as dit oor die Nagmaal gaan. Nou reeds geniet ons die gemeenskap met Christus. Maar dit is 'n gemeenskap-in-geloof, waarin ons nog nie in aanskoue en in die volle werklikheid die Here ken nie, en Hom ook nog nie aanraak en die brood en die beker uit sy hand ontvang nie.

Elke Nagmaal is nodig, om ons verwagting op Christus te vestig (vergelyk die 'so dikwels' van 1 Korintiërs 11).
Die genoemde vier gesigspunte dui aan hoe onmisbaar die Nagmaal is vir ons geloofslewe. Daarom mag ons verwag dat ons deur die sakrament van die Nagmaal in ons geloof versterk sal word.

*Source: https://www.christelikemedia.org/article/die-nagmaal-vier-belangrike-woorde*

**BANKBESONDERHEDE**

CHRISTEN GEMEENSKAPSBEDIENING
STANDARD BANK ~ HERMANUS ~ 1019-210-8318

# BYEENKOMSTE - JANUARIE TOT MAART 2026

## SONDAE / SUNDAYS

**OGGENDDIENSTE / MORNING SERVICES**
@09H30 OKKIE SMUTS SKOOLSAAL

**AANDDIENSTE/EVENING SERVICES**
SOOS AANGEDUI OP DIE KALENDER

**GEEN AANDDIENSE GEDURENDE DIE SKOOLVAKANSIES & LANGNAWEKE NIE**

**NIE GEDURENDE SKOOLVAKANSIES EN LANGNAWEKE NIE**




**Preschool - Grade 4**



**Grade 5 tot 9**

Ons sien uit met opgewondenheid na die Kings Kids en Tienerbediening wat hierdie jaar sal gebruik maak van die Ivangeli Curriculum wat toegespits is in elke lessie om die kinders te dissipel in die waarheid van die Woord. Indien enige van jul geroepe voel om betrokke te raak by die Kinder of Tienerbediening, skakel gerus vir Neil by 0829605687. Daar sal 'n handleiding beskikbaar wees vir diegene wat lei.



**WOENS OM 10VM** **VRY OM 09H30**

## STANFORD GEBEDSGROEP

Bymekaarkomplekke sal op WApp groep gedeel word en is ook op die kalender. Hou die WhatsApp groep dop vir info.



## VROUEBEDIENING

As jy graag betrokke wil raak by hierdie bediening, laat weet my asb om jou op ons WA groepie te voeg - Linda by 083-844-3707

**VOLGENDE VERGADERING**

10 Februarie 2026 @ 10vm
Venue sal op whatsapp groep gedeel word

## HERMANUS HOME GROUPS

Once a month we meet at one of the homes at **18h30.** Details will be announced on WhatsApp Group

## COMMUNION/ NAGMAAL

Communion will take place at the end of every month - we invite you to join us in this precious celebration of what Jesus has done and continues to do. In Luke 22:19 Jesus said "Do this in remembrance of me.

**JANUARIE**

| | |
|---|---|
| Charleen Brunke | 1-Jan |
| Riaan Vermaak | 1-Jan |
| Althea Matthysen | 2-Jan |
| Carol Erasmus | 7-Jan |
| Ina van Zyl | 12-Jan |
| Ian Swart | 13-Jan |
| Sulyn van Dyk | 13-Jan |
| Ilse Maree | 20-Jan |
| Melinda Wessels | 24-Jan |
| Beverley Hawyood | 28-Jan |
| Susan Bothan | 29-Jan |
| Santie Buitendag | 30-Jan |

**FEBRUARIE**

| | |
|---|---|
| Kosie May | 2-Feb |
| Alethia Swart | 6-Feb |
| Alanda Pieter | 10-Feb |
| Francois La Cock | 11-Feb |
| Fanus Engelbrecht | 12-Feb |
| Emma May | 18-Feb |
| Johan Schoeman | 21-Feb |
| Sithembele Xuba | 21-Feb |
| Wilma Howell | 25-Feb |
| Linda Prins | 26-Feb |
| Riana De Wet | 27-Feb |

**MAART**

| | |
|---|---|
| Sanet Byrne | 5-Mar |
| Ben Fouche | 7-Mar |
| Adré Bezuidenhout | 9-Mar |
| Jodine Theron | 9-Mar |
| Joanita Viviers | 10-Mar |
| Ray Harris | 10-Mar |
| Nico Meyer | 12-Mar |
| Marie-louise Bester | 14-Mar |
| Johan Maree | 15-Mar |
| Marietta Uys | 18-Mar |
| Willie Coetzee | 18-Mar |
| Salome Engelbrecht | 19-Mar |
| Maggie Steyn | 20-Mar |
| Ellison Mouton | 20-Mar |
| Charl van As | 27-Mar |
| Riana Schoeman | 28-Mar |
| DP Fourie | 30-Mar |
| Maritha Coetzee | 31-Mar |

*Baie geluk met die Verjaardag*

# Om na uit te sien in 2026!

## Ons eie webtuiste

Ons is so opgewonde om die nuwe jaar af te skop met ons nuwe webtuiste wat bekendgestel sal word gedurende die maand van Januarie. Alle inligting wat jy moontlik van ons wil weet sal daar beskikbaar wees, as ook Neil se dagstukkies en Sondag audio preke.

Ons sal ook die blad gereeld opdateer met spesiale geleenthede wat jy kan verwag gedurende die jaar. Die skakel www.cgbediening.co.za is reeds geskep en beskikbaar. Ons sal per WhatsApp laat weet wanneer die webtuiste gelaai is en sal enige terugvoer waardeer.

Hierdie nuusbrief sal ook voortaan op die webblad beskikbaar wees om af te laai.

## Spesiale geleenthede

In 2026 gaan ons weer die immer gewilde Kersfees Geskenkbokse doen, so daar sal geen Kermis die jaar gehou word nie. Ons sien uit na nuwe idees om by ons wenresep te voeg.



# Familie Braai op Raka

'n Geseënde tyd terdeë geniet deur almal!























